Vat vyf!

Vat vyf! – Jan van der Watt

Ons het die gewoonte om mekaar se regterhand te skud. Dit doen ons as ons mekaar groet, maar ook as ons kontrakte beklink. Selfs as twee persone trou, moet hulle mekaar die regterhand gee, as teken van die ooreenkoms wat hulle met mekaar maak. Waarom doen ons dit?

In die antieke tyd, selfs lank voor Jesus, was die regterhand as die "veghand" beskou. Linkshandigheid was negatief gesien en alle persone is geleer om regshandig te werk en te veg. So het die gewoonte in die Ooste ontstaan dat as daar 'n ooreenkoms of vriendskap gesluit word, die twee persone mekaar se regterhande vasvat. Dit beteken dat hulle nie hulle "vegshande" teen mekaar sal (of kan) gebruik nie. Die persoon plaas liewer sy "veghand" in die hand van die persoon met wie hy 'n ooreenkoms maak.

Uit die afbeeldings uit die ou tyd het die persone mekaar se regterhande vasgevat. Maar wat van die linkerhande? In al die afbeeldings wat ek kon opspoor, het die betrokkenes iets (bv. 'n knapsak of so iets) in hulle linkerhande gehou. Hulle hande was dus altwee vol.

Handsluit was dus 'n baie simboliese aksie – dit het vriendskap en verbondenheid uitgedruk; 'n ware "nie-aanvalsverdrag".

Skrywer: Prof Jan van der Watt